Les 9

**21 tot 27 November*

Die kerk en opvoeding

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Luk. 10:30–37, Mat. 5:14–16, Luk. 4:18–23, Jer. 29:13, Mat. 7:7, 1 Tess. 2:6–8.

Geheueteks:

"Ook het ons nie eer van mense, òf van julle òf van ander gesoek nie, al kon ons as apostels van Christus met gesag optree. Maar ons was vriendelik onder julle soos 'n pleegmoeder haar kinders koester. Terwyl ons so na julle verlang het, was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het" *(1 Tessalonisense 2:6–8).*

Sedert die vroegste tye wat die gelowiges saamgekom het om God te aanbid- in sinagoges, huise, en kerke- het die Bybel mense onthul wat deur die bestudering van die Skrif en deur hulle aanbidding, gepoog het om God te leer ken en om Sy wil vir hulle lewens te verstaan. Die Bybel openbaar ook herhaaldelik dat die kerk 'n plek is waar ernstige en relevante gesprekke behoort plaas te vind, en waar mense kan opgroei in hulle kennis van God en Sy wil vir hulle lewens.

Ons is dikwels bang om vrae te vra. Maar in die Bybel vind ons talle kere dat vrae gebruik word om mense tot 'n beter begrip van God te bring. Op 'n soortgelyke wyse word verhale dwarsdeur die Bybel gebruik om geleenthede te skep waar mense hulle toewyding en verbintenisse kan herbedink. Jesus was veral gefokus op hierdie wyse van opvoeding met Sy dissipels en volgelinge. Indien die kerk 'n plek van opvoeding behoort te wees, moet dit die ruimte bied vir opregte dialoog om plaas te vind. Net soos ons as leerders op skool herhaaldelik gerus gestel is dat daar "geen dom vraag" is nie, moet ons ook binne die kerk 'n veilige omgewing vir elke persoon skep om in genade en begrip van God te groei en Sy plan vir hulle lewe.

**Bestudeer hierdie week se les om voor te berei vir Sabbat 28 November.*

Sondag

22 November

Ware christelike opvoeding

Daar word ‘n verhaal van ‘n rabbi vertel wat in die slaperige oë van die jongmanne in sy klas gekyk het. Hy vra: “Manne, wanneer weet mens of die nag verby is en die dag begin het?” ‘n Paar studente het versigtig hulle hande opgesteek. “Rabbi,” vra die een. “Is dit wanneer mens kan sê wat die verskil tussen ‘n vyeboom en ‘n olyfboom is?” “Nee.” ‘n Ander student het sy hand opgelig: “Rabbi, is dit wanneer jy die verskil tussen ‘n skaap en ‘n bok kan sien?” Na ‘n paar probeerslae het die rabbi aangekondig: “Manne, mens weet die nag het geëindig en die dag het begin wanneer jy in die gesig van iemand kyk wat jy nog nooit vantevore gesien het nie, en daardie vreemde persoon herken as ‘n broer of suster. Tot op daardie oomblik, ongeag hoe helder die dag is, is dit nog steeds nag.”

Lees Lukas 10:30–37. Watter punt probeer Jesus hier tuisbring met hierdie verhaal? Wat behoort dit ons te vertel oor iets wat altyd deel moet wees van enige ware Christelike opvoeding?

As Sewendedag-Adventiste is ons geseënd met ‘n oorvloed van leerstellige lig en waarheid (die toestand van die dode, die Sabbat, 1844 en die oordeel, die groot stryd, om ‘n paar te noem) wat selfs die meeste van die Christelike wêreld nog steeds nie verstaan nie. En al is hierdie waarhede hoe noodsaaklik, van watter nut is dit vir ons indien ons nie gaaf is met ander mense nie, indien ons altyd vooroordeel teenoor ander toon, en indien ons toelaat dat kulturele en sosiale verskille van ons omgewing die oorsaak is dat ons ander mense as minderwaardiges behandel?

As daar maar een ding is wat ware Christelike opvoeding moet doen, is dit om ons te verhef bo hierdie menslike swakhede en booshede, en ander raak te sien soos Christus hulle sien: mense vir wie Hy gesterf het, mense se sondes wat Hy aan die kruis gedra het, mense vir wie Hy ‘n grenslose prys betaal het. Indien ons die kruis voor oë hou, soos ons veronderstel is om te doen, dan sal ons die waarde en kosbaarheid van elke mens raaksien, en ideaal gesproke hulle ook so behandel soos hulle verdien, in lyn met die waarde wat God op hulle geplaas het. Christelike opvoeding moet onderrig insluit, andersins is dit nie werd om die naam “Christelik” te dra nie.

Watter vooroordele leer jou kultuur en samelewing, openlik of subtiel, waarbo jy as Christen moet uitstyg?

Maandag

23 November

Geroepe om lig uit te leef

Orals waar ons kyk lyk dit of ons planeet besig is om in te plof, en lig te verruil vir duisternis. Maar ons ervaar ook duisternis baie nader aan onsself met ons eie ervaringe in hierdie moeilike en uitdagende wêreld. Want ons verstaan ook die gruwels wat hierdie lewe bring: ons stryd met siektes, die verlies van ons geliefdes, wanneer ons sien hoe gesinne uitmekaar geruk word deur skeiding en egskeiding, en ons begrip van die bose dinge in ons samelewing en kultuur. En tog, te midde van hierdie omgewing van morele bankrotskap en geestelike duisternis, te midde van al die eksterne en interne geraas, hoor ons Jesus se woorde aan elkeen van ons:

"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" ***(Mat. 5:14–16).*** **Wat leer hierdie paar verse ons oor hoe om te leef en hoe, as Christene, ons optrede 'n indruk maak op hoe ander God sien?**

Hoe sou die skare, wat daardie dag in die warm son by die see van Galilea gesit het, Jesus se woorde verstaan? Diegene wat na Sy woorde geluister het, het alles geweet van lig en duisternis. Hulle het sekerlik baie duisternis gevrees. Hule het onder Romeinse heerskappy in 'n gemilitariseerde gemeenskap gewoon, en ten spyte van hulle gebrek aan telefone, rekenaars en die Internet, was hulle lewens op talle gebiede net so effektief soos ons eie, maar op heelwat gebiede dalk meer vreesaanjaend.

Die Romeine was orals en het gedurig die skare op die heuwel daaraan herinner dat diegene wat aanhoudend moeilikheid maak, hulleself baie vinnig in die hande van die folteraars sou bevind- en kaal aan 'n Romeinse kruis gehang word.

Maar nou sien ons vir Jesus wat hulle aanmoedig om soos lig te leef. Om genadig te wees. Om suiwer van hart te wees. Om vredemakers te wees. Daarom moet Christelike opvoeding dit insluit om ons studente te leer om ligte in die wêreld te wees, om keuses en besluite te maak wat die werklikheid en goedheid van God aan ander sal openbaar.

Op watter wyse kan ons inderdaad ander wys op die goedheid en werklikheid van God?

Dinsdag

24 November

Leef soos dissipels

Indien die kerk ernstig is in sy opdrag om ‘n krag in Christelike opvoeding te wees, is dit noodsaaklik dat ons by Jesus begin. Jesus het dissipels geroep. Hy het hulle geleer om sendingwerk te doen deur saam met hulle te stap. Jesus het aan hulle die geleenthede gebied om betrokke te raak by die lewens van mense om vir hulle te sorg en lief te hê. Jesus het hulle ook daagliks uitgedaag om deel te hê aan Sy visie van hoe hierdie wêreld kan lyk indien mense begin om mekaar te behandel soos broers en susters.

Lees Lukas 4:18–23. Wat is Christus se boodskap aan ons, as Sy volgelinge?

Drie jaar lank het die dissipels gekyk hoe Jesus, hulle onderwyser, die ideale van die koninkryk uitleef – ideale wat Hy in Sy eerste prediking in die sinagoge in Nasaret aangekondig het. Vergifnis, genade, en liefde het hand aan hand geloop met eensaamheid, toewyding, en swaarkry. As daar maar een les was om te leer, was dit dat dissipelskap nie iets is wat mens ligtelik opneem nie. Jy is lewenslank ‘n dissipel- nie net vir ‘n dag nie.

“Die Heiland se opdrag aan die dissipels het alle gelowiges ingesluit. Dit sluit alle gelowiges in Christus in tot die einde van tyd (. . .) Aan almal wat die hemelse inspirasie ontvang het, is die verkondiging van die evangelie toevertrou. Almal wat die lewe van Christus ontvang, is georden om te werk vir die redding van hulle medemens. Dit is vir hierdie werk dat die kerk georganiseer is, en almal wat by die kerk aansluit, word daardeur medewerkers van Christus.”—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue,* p. 822.

As hedendaagse dissipels van Jesus moet ons seker maak van beide ons deelgenootskap en aanbidding. Dis goed om te onthou dat dit Jesus was wat dissipelskap in die lewe geroep het. Al het die rabbis van Sy tyd ook volgelinge getrek, was dit Jesus wat manne en vroue geroep het om Hom te volg. Die rabbis kon hulleself nooit voorstel dat ‘n radikale oproep om eerder saam met Jesus te wees, baie belangriker sou wees as al hulle gebooie nie.

As Jesus se dissipels het ons nie slegs respek vir alle mense nie, maar sal ons ook saamwerk om ‘n plek te skep waar alle mense kan groei en ontwikkel.

Daarom moet alle Christen-opvoeding hierdie bewustheid van sending insluit, ‘n doel, nie slegs om ‘n bestaan te voer nie, maar om in ons eie sfeer dit te doen waartoe Jesus ons oproep: om in Sy voetspore van bediening aan die behoeftiges te volg, en om aan hulle die goeie nuus van die evangelie mee te deel.

Woensdag

25 November

Soek na die waarheid

Albert Einstein wat as die vader van die moderne fisika bestempel word, het geskryf: “Die belangrike ding is om nooit op te hou vrae vra nie. Weetgierigheid het sy eie rede om ‘n bestaansreg. Mens kan nie anders as om in verwondering te staan as jy die verborgenhede van die ewigheid bedink nie, van lewe, van die wonderlike strukture van die werklikheid. Dit is voldoende indien mens elke dag poog om slegs ‘n klein bietjie van hierdie geheimenis te probeer verstaan. Moet nooit jou heilige weetgierigheid verloor nie.” Ons woon in ‘n wêreld van verborgenhede, is dit nie so nie? Die moderne wetenskap toon aan ons ‘n ongelooflike kompleksiteit wat bykans op elke vlak van lewe bestaan. Indien dit waar is vir bloot fisiese dinge, hoeveel te meer vir geestelike dinge?

Wat leer die volgende teksverse ons oor die soeke na waarheid, en antwoorde? Jer. 29:13; Mat. 7:7; Hand. 17:26, 27; Ps. 25:5; Joh. 16:13; Joh. 17:17.

Die Bybel is vol verhale van weetgierige mense net soos ons- mans en vrouens wat vrae het, vrese, verwagtinge en vreugdes, mense wat elkeen op sy eie manier na die waarheid soek, om antwoorde te vind op die lewe se heel moeilikste vrae. “Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind” *(Pred. 3:11)*. Wat sê Salomo hier? Sommige vertaal die Hebreeuse woord ‘olam as “ewigheid”, en ander as ‘n “sin vir die verlede en die toekoms”. Volgens hierdie vers dus, het God dit in die mens se hart en denke geplaas dat hy ‘n bewustheid van die verlede en toekoms sal hê, met ander woorde: die ewigheid self. Daarom is ons as mense in staat om te dink oor wat genoem word “die groot vrae” van die lewe en ons bestaan in die algemeen. En dis hier waar die Skrif natuurlik die sentrale rol speel. Wie is ons? Waarom is ons hier? Hoe behoort ons te leef? Wat gebeur wanneer ons doodgaan? Waarom bestaan lyding en boosheid? Hierdie is van die vrae wat mense oor alle eeue heen nog gevra het sedert die geskiedenis opgeskryf is in hulle soeke na die waarheid. Wat ‘n voorreg, en wat ‘n verantwoordelikheid, is dit nou om in staat te wees om soekende mense te lei tot sommige van hierdie antwoorde. Wat is Christelike opvoeding dan anders as om mense na hierdie antwoorde te lei, soos ons dit vind in die Woord van God?

Waarom moet die Skrif die vernaamste rol speel in die antwoorde van die groot vrae van die lewe?

Donderdag *26 November*

Om ons lewens te deel

Lees 1 Tessalonisense 2:6–8. Wat sê Paulus hier wat ons in ons eie skole en kerke kan, en behoort te weerspieël?

Ons leef in ‘n era waarin die bybelse begrip van die kerk so betekenisvol is, juis weens die aftakeling van die gemeenskap in die samelewing. Matteus 18:20 herinner ons: “Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.” Die Nuwe Testamentiese visie van wat kerk en gemeenskap is, het hoofsaaklik vorm aangeneem in die huise van gelowiges. Dis hier waar die gemeenskap in klein groepies ontmoet het om te bid, sing, Nagmaal te vier, en Jesus se woorde met mekaar gedeel het.

Hierdie aanbiddingsgroepe het ook die eerste kerkskole geword, waar nuwe lidmate aan die Bybel bekendgestel is en aan die nuwe lewenswyse wat in Jesus gevind word. Paulus se geskrifte, soos Romeine 12:2, “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed”, is ‘n bewys dat die kerk hierdie opvoedingstaak baie ernstig opgeneem het.

Hierdie vroeë gelowiges het baie gou ontdek dat die evangelie die beste in gemeenskap (gemeentes) uitgeleef kan word. In hierdie aanbiddingsgemeenskappe het ons ‘n goeie rede om harder te sing, om vuriger te bid, en om sorgsamer en mededeelsaam te wees. Wanneer ons hoor hoe ander mense van God se goedheid praat, word ons bewus van hoe goed God vir ons was; wanneer ons hoor van mekaar se moeilikhede en seerkry, raak ons bewus van God se genesing in ons eie lewens, en ervaar ons ‘n hernude begeerte om instrumente van Sy genade en heling te wees.

In vandag se teksgedeelte verklaar Paulus dat die evangelie van God alles is: die krag van die kruis, die opstanding van die Here, die belofte van Sy wederkoms. Daar was net eenvoudig geen beter nuus in die hele wêreld nie, en Paulus het sy lewe alleen daaraan toegewy om eerstens die belangrike verhaal van Jesus met integriteit en toewyding te deel. En tog stel Paulus dit hier dat die boodskap van die evangelie die beste verstaan kan word, en die beste ondervind kan word, deur die handeling om die lewe met mekaar te deel. Ons moet dit nooit vergeet nie dat mense besig is om ons fyn dop te hou om te sien of ons lewens ‘n weerspieëling van die boodskap van genade is wat in die Bybel gevind word.

Besin ernstig daaroor hoe jy leef, en vra jouself: Watter soort getuienis is ek vir diegene rondom my?

Vir verdere studie:

"Christus het die hoop van wêreldse grootheid verydel. In die Bergpredikasie het Hy probeer om die idees te vernietig wat deur 'n valse opvoeding geskep is, en om aan Sy hoorders 'n regte begrip te gee van Sy koninkryk en Sy eie karakter. Maar Hy het nie 'n regstreekse aanval op die dwalings van die volk gemaak nie. Hy het die ellende van die wêreld gesien ten gevolge van die sonde, maar Hy het nie reguit hulle haglike toestand aan hulle voorgestel nie. Hy het 'n lewe aan hulle voorgehou, oneindig veel beter as wat hulle ooit geken het. Sonder om hulle idees aangaande die koninkryk van God te beveg, het Hy hulle vertel van die voorwaardes om die koninkryk binne te gaan, en hulle gelaat om hulle eie gevolgtrekkings te maak aangaande die aard daarvan. Die waarhede wat Hy geleer het, is vir ons nie minder belangrik as vir die skare wat Hom gevolg het nie. Net soos hulle, moet ons ook leer wat die grondbeginsels van die koninkryk van God is."—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 299.

Vrae vir bespreking:

1. Robert Louis Stevenson is in 1850 in Edinburgh, Skotland gebore. Stevenson vertel hoe hy een nag, toe sy oppasser hom gereed gemaak het vir die bed, hy voor die venster gaan staan en iets aangrypends aanskou het. Dit was 'n lamp-opsteker wat van een gaslamp na die volgende beweeg het. In sy kinderlike eenvoud het hy die oppasser na hom geroep om ook te kom kyk: "Kyk na daardie man! Hy steek gaatjies in die donkerte!" Watter rol het God aan jou toevertrou om lig en liefde aan jou gemeenskap te bring? Indien jy nie seker is nie, nooi 'n paar lidmate van die kerk uit om saam met jou te sit en gesels oor wat julle dalk saam beter kan vermag.

2. Indien die kerk in vennootskap met God moet wees om na die wêreld uit te reik, moet ons Jesus se woorde en bediening omarm. Die blote werklikheid van die Inkarnasie- God wat na ons toe kom, om in ons wêreld te leef, om saam met ons te swoeg en te lag en te huil- herinner ons daaraan dat ons opgeroep is om vir diegene rondom ons te sorg. Hoe sal jy dit doen? Hoe sal jy die jongmense in jou gemeente betrek om in hierdie taak te help?

3. Dink oor die groot verantwoordelikheid wat ons as Sewendedag-Adventiste het om die wonderlike waarhede wat aan ons gegee is aan ander te leer. Hoe kan en behoort die kerk 'n sleutelrol te speel in die onderrig van hierdie waarhede aan ander? Hoe kan die kerk terselfdertyd 'n veilige hawe wees waar hierdie waarhede bespreek kan word met diegene wat moeilike vrae daaroor vra? Wat kan jou rol wees om 'n omgewing te skep waarin ernstige vrae aangespreek kan word?

4. Bespreek in die klas die kulturele vooroordele van die gemeenskap waarin jy leef. Op watter wyses kan jou kerk ander leer om bokant hierdie vooroordele uit te styg, en eerder die onderrig van die Skrif na te volg?